Wes-Kaapse Regering

Verwysing: 20211214-8799
Lêerno.: 12/11/8
Navrae: Senior Kurrikulumbeplanners (AOO & VOO)

Kurrikulum- en assesseringsbestuursminuut: 0004/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs, Prinsipale en Departementele Hoofde van gewone openbare skole

Onderwerp: Kurrikulumdekking

1. Kurrikulumdekking is 'n skoolgebaseerde proses om te verseker dat die huidige voorgeskrewe kurrikulum voldoende geïmplementeer word sodat leerders die beoogde kapasiteit per vak en per graad bereik.

2. Die monitering van kurrikulumdekking is verpligtend en vind plaas op skoolvlak wanneer elke vak- of klasonderwyser op 'n kwartaallikse basis verslag doen oor die voltooiing van die jaarlikse onderrigplanne.

3. Kwartaallikse kurrikulumdekkingsverslae moet aan die einde van elke kwartaal deur prinsipale by kringbestuurders ingedien word.

4. Hierdie verslae sal gebruik word om ondersteuningsplanne tydens skoolbesoeke vir die volgende kwartaal aan te pas en te beplan.

5. Onderhandelinge en beplanning is tans aan die gang om kurrikulumdekking in die funksionaliteitspakket te inkorporeer wat uiteindelik deel van die skoolselfevalueringsplatform sal vorm.

6. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeellede.

GETEKEN: H MAHOMED
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-12-15

wcedonline.westerncape.gov.za
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22 | Veilige Skole: 0800 45 46 47
Tel: 021 467 2085
Wes-Kaap Onderwysdepartement